**25 Februarie** **Skrifgedeelte: Titus 3:1-11**
**Fokusgedeelte: Titus 3:4**

## God se liefde vir die mens

Een van die mees aangrypende beskrywings van die koms van Jesus Christus kry ons hier by Titus (vs 4): “Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn.” Die koms van Jesus Christus word eenvoudig verbind aan die verlossing van die mense. Dit gaan nie vir Hom om die engele nie, maar om die nageslag van Abraham (Heb 2:16).

Die mens het in sonde geval en die skepping met hom saamgeneem. Daarom is die verlossing op die mens toegespits, maar die skepping word ook vrygemaak. Paulus sê die skepping wag met reikhalsende verlange op die vrymaking van die kinders van God (Rom 18:19). Wanneer die kinders van God se verlossing in volle heerlikheid aan die lig tree, word die skepping ook vry. Dit kom alles van die goedheid van God en sy liefde vir die mens – sodat mens én die hele skepping met “krag van jubeltoon” God sal grootmaak!

*Sing: Psalm 8:3, 4 (p. 31)* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*